# Grafika as hulpmiddel in die Pastorale gesprek

**J C Müller**

**Abstract**

**Using graphics in pastoral counselling**

Three techniques of Family Therapy, namely the genogram, the ecomap and GFS (Graphic Family Sculpting), are discussed and presented as usable in pastoral care. The article argues that these techniques are most useful in pastoral care because of the fact that the religious community, as stressed in the Bible, consists of families and groups. A sensitivity for the family of origin and other systems which every individual represents, is therefore most important in pastoral counselling. The fact that a situation of growth and understanding is being created in the process of using these techniques, is probably the most promising aspect.

In Gesinsterapie is daar 'n hele aantal tegnieke bekend en gangbaar wat van grafiese sketse of selfs kuns gebruik maak in die terapeutiese proses. Cromwell et al [1] verwys daarna as "family art therapy" en dit behels "relationships mapping techniques". Een baie interessante metode waar die tekening as sodanig nie juis gebruik word om afleidings oor die gesin te maak nie, maar waar die gesin deur eenrigtingglas dopgehou word om te sien hoe hulle die opdrag om 'n prent van die gesin te teken, uitvoer, is die sogenaamde "conjoint family drawing" van Bing.[2] Al hierdie metodes is nie ewe bruikbaar met die oog op die pastorale gesprek nie, maar waar dit in die pastoraat so dikwels ook gaan om gesinne en selfs families, is dit nodig dat daar rekenskap gegee sal word van metodes wat in hierdie opsig bruikbaar is. Trouens vanuit die verbondsperspektief behoort dit in die pastoraat veel meer oor hierdie groter sisteme te gaan!

In hierdie artikel word gekyk na drie metodes, wat myns insiens waardevol is met die oog op die pastorale gesprek. Daarna word 'n pastorale toespitsing gegee. Die drie metodes wat beskryf word is die *genogram, ekokaart* en *GFS* (Graphic family sculpting).

Voordat oorgegaan word tot die beskrywing van elk van hierdie drie metodes, eers iets oor die bruikbaarheid in die algemeen van grafika in gesinspastoraat: In 'n poging om 'n rasionaal vir sy metode (*GFS*) te bied, gebruik Venter [3] 'n aantal argumente wat goedskiks op al drie die metodes wat hier ter sprake is, van toepassing gemaak kan word:

- 'n Groot hoeveelheid informasie word op 'n kompakte wyse opgesom. Hierdie is nuttige metodes om die familie se ontwikkeling oor 'n tydperk weer te gee. Soos Genot [4] dit stel: "a shorthand method of history taking."
- Individue word in staat gestel om hulle families van oorsprong te ervaar.
- Individue word bewus van die positiewe en negatiewe karaktertrekke van hulle families en die effek daarvan op die huidige verhoudinge.
- Die informasie wat in hierdie proses beskikbaar word, stel die individu in staat om sekere veranderinge in die verhoudinge met die ander gesinslede te bewerkstellig. Hierdie aspek is uiters belangrik. Die stukkie grafiese kuns wat in die terapeutiese (pastorale) situasie gestalte kry, is meer as 'n blote

objektiewe weergawe van hoe die realiteit van die bepaalde gesin in die verlede ontwikkel het. Verskeie navorsers het al aangedui dat realiteit in elk geval altyd 'n subjektiewe konstruksie is [5]. Dit gaan nie maar net oor die realiteite van die verlede nie, maar om die realiteit wat in die pastorale situasie *geskep* word. Wanneer die pastor (of terapeut) pen en papier opneem en vra dat mense meer moet vertel oor hulle gesin of familie, word 'n nuwe realiteit vir die familie en die terapeut begin. "It is a process of mutual influencing and should therefore be regarded as the co-construction of a new reality for both family and therapist." [6] Daar vind meer plaas as net die blote grafiese neerpen van 'n stuk geskiedenis. Algaande word betekenisse toegeken aan dit wat op die kaart verskyn en so word nuwe weë geopen vir verhoudingsontwikkeling.

- Individualiteit word bevorder. Inhoude van hoogs emosionele aard word na die oppervlak gebring en daarom kan die individu makliker 'n objektiwiteit oor gesinsake verkry, homself beter leer ken en makliker 'n "ek" posisie inneem.
- Dit het 'n samebindende effek op die gesin. Hulle ontdek dat hulle tot 'n eenheid gekonstitueer is en dat elkeen 'n essensiële lid is en ook deur mekaar beïnvloed word.


## Die genogram

'n Genogram is 'n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familie oor drie of vier geslagte te verhelder. Dit is ontwikkel deur Murray Bowen en is 'n metode wat gegroei het uit die Algemene Sisteemteorie[7]. Familiebande, ouderdom, geslag en mylpale soos geboortes, huwelike, egskeidings en sterftes word ook aangedui. Professionele en gesinsrolle kan ingevul word en veral word klem gelê op emosionele bande tussen gesinslede. Die veronderstelling is dat al die beskikbare gesinslede almal moet help met die konstruksie van die genogram, en dit opsigself kan 'n hele emosionele ontlading veroorsaak. Uiteindelik moet die genogram ook nie vir hulle uitgelê word nie, maar terapeut en gesin moet sáám die betekenisse daarvan ontdek [8].
Volgens Genot [9] is daar verskillende soorte genogramme wat oor die jare ontwikkel het soos:

1. Die **groepgenogram** (of groepgram): Dit word in groepterapie gebruik om die interaksie tussen lede van die groep aan te dui.
2. Die **profgram**: Dit word gebruik om 'n persoon se professionele affiliasies en aktiwiteite aan te dui.
3. Die **seksgram**: Dit is 'n voorbeeld van 'n genogram wat op 'n enkele tema konsentreer. In hierdie geval op die ontwikkeling van houdings en vooroordele oor seksualiteit.

Vir die doeleindes van hierdie artikel word nie ingegaan op hierdie verskillende gespesialiseerde vorme van genogramme nie, maar word gekonsentreer op die basiese genogram.
Die mees praktiese manier vir die voltooiing van 'n genogram is om 'n bord in die


spreekkamer te hê waarop een van die gesinslede die genogram voltooi. Die pastor verduidelik algaande hoe die genogram geteken word terwyl die res van die gesinslede ook hulle mening gee oor die inhoudelike. 'n Ander moontlikheid is dat die pastor verduidelik hoe die genogram voltooi word en dat elkeen van die gesinslede 'n vel papier en potlood ontvang waarop elkeen sy eie genogram teken. Later kan notas vergelyk word en gesprek gevoer word.
Die volgende simbole word gebruik:





Figuur 1

In elke blokkie of sirkeltjie, of daar langsaan, moet die naam van die persoon asook geboortedatum verskyn. Verdere besonderhede soos datum van afsterwe, oorsake van sterftes, beroepsbesonderhede ensovoorts kan ook op die kaart aangedui word (vergelyk figuur 2) Die doel van die genogram is 'n eksplorasie van die gesinsgeskiedenis ten einde wat tans in die gesin gebeur beter te verstaan en om die kragte wat daar in die gesinsverhoudinge en struktuur skuil, te ontgin. Daarom moet soveel as moontlik besonderhede aangeteken word sodat die prentjie duidelik kan ontvou.

Ten einde die dieperliggende emosionele waardes en verhoudinge na vore te laat tree tydens die genogramsessie, moet die aard van die verhoudinge tussen gesinslede ook ingevul word. Met behulp van die volgende verbindingslyne kan verhoudinge aangedui word:





Figuur 1.1




Figuur 2 *Die genogram*

**Die ekokaart**

Die wetenskap van die ekologie bestudeer die sensitiewe balans wat tussen lewende skepsels en hulle omgewing bestaan. In die geesteswetenskappe is die ekologiese metafoor oorgeneem om groter begrip te help bring vir die feit dat die mens "mens-in -situasie" is [10]. 'n Ekologiese uitgangspunt in soverre dit die gesin raak, moet met meer as net die hoeveelheid lug, water, voedsel en tyd-ruimtelike elemente rekening hou. Nou gaan dit ook oor sosiale, ekonomiese, politieke en ander strukture wat oor eeue heen opgebou is.
'n Ekosistemiese benadering roep onmiddellik 'n hele reeks van komplekse, interafhanklike data na vore. Ten einde 'n oorsig oor al hierdie data te verkry en te probeer om verbande raak te sien, is die ekokaart ontwikkel. Met behulp hiervan kan 'n sinvolle onderhoud met 'n gesin gevoer word en is die terapeut instaat om 'n gebalanseerde oordeel (diagnose) te vorm [11]. Waar die genogram die gesin se ontwikkeling deur die loop van tyd voorstel, doen die ekogram dit in terme van ruimte.
Volgens Bing [12] is die gebruik van die ekokaart as hulpmiddel in die terapeutiese gesprek, baie bevrydend vir die betrokke gesin. Dit fokus ook op sake rondom hulle




Figuur 3

en help hulle om te besef dat dit nie soseer hulle as individue is wat geëvalueer word nie, maar die hele sisteem waarvan hulle deel is.
Die ekokaart kan óf van nuuts af op 'n skoon vel papier getrek word, óf 'n blanko kaart waarvan die buitelyne reeds getrek is, kan gebruik word en net ingevul word (vergelyk figuur 3). Binne-in die groot middelste sirkel word 'n eenvoudige genogram van die

gesin getrek. Die volgende stap is om die verbindings tussen die gesin en die verskillende dele van hulle ekologiese omgewing in te vul. Op die blanko kaart (figuur 3) is die meer algemene sake soos werk, ontspanning, skoonfamilie en skool reeds ingevul terwyl ander sirkels oopgelaat is sodat elke gesin volgens hulle eie realiteit kan voltooi. Dieselfde lyn-simbole as by die genogram word hier gebruik (vergelyk figuur 1.1). Sommige verbindingslyne sal tussen 'n buitesirkel en die gesinsirkel getrek word om aan te dui dat die gesin as geheel by die saak betrokke is. Ander belange raak weer net bepaalde gesinslede, byvoorbeeld die pa se sport of stokperdjie.
Die teken van 'n ekokaart lei nie net tot 'n ewewigtige beoordeling van die gesinsituasie nie, maar lei veral ook tot nuwe besluite omdat wanverhoudinge en eensydige belangstellings blootgelê word.
Net soos in die geval van die genogram behoort die gesin nie slegs by die konstruksie van die ekokaart nie, maar ook by die interpretasie daarvan aktief betrokke te wees. Die pastor kan leidinggewende vrae vra, maar uiteindelik is dit hulleself wat die ontdekkings moet maak.

## Die GFS-metode (Graphic Family Sculpting)

In die jare 80 het CA Venter [13], 'n akademikus van Potchefstroom, 'n eie tegniek ontwikkel bekend as *graphic family sculpting* (GFS). Waar dit in "family sculpting" [14] so werk dat 'n individuele lid die geleentheid kry om die lede van sy gesin (familie) op so 'n wyse in die vertrek te rangskik dat die emosionele verhoudinge tussen hulle tot uitdrukking kom, word dieselfde hier by wyse van grafika gedoen. Deur die trek van sirkels op 'n vel papier moet die verhoudinge tussen die ander lede deur elke individu aangedui word.
Venter gee die volgende praktiese riglyne vir die gebruik van hierdie metode:

1. Elkeen ontvang 'n papier met die opdrag: Teken jou familie (gesin) deur elke lid met 'n sirkel aan te dui. Jy kan die sirkels net so groot maak soos jy wil. Mense se sketse verskil gewoonlik heelwat. Binne elke sirkel of langsaan skryf jy die naam en ouderdom van die lid. Almal wag in stilte totdat al die ander klaar is met hulle sketse.
2. Nommer elke sirkel volgens die orde waarin hulle geteken is.
3. Op die agterkant van die papier (langs 'n nr 1) skryf jy of jy enigiets nuuts omtrent jou familie ontdek het.
4. Langs elke sirkel skryf jy of die persoon sit, lê of staan, of jy ken enige ander liggaamshouding aan hom/haar toe.
5. Op die agterkant van die papier (langs nr 2) skryf jy of jy enigiets nuuts omtrent jou familie ontdek het.
6. Dui met pyltjies die rigting aan waarin elke persoon kyk. Elkeen kan net in een rigting kyk en al is dit moeilik moet 'n keuse gemaak word. As geen keuse gemaak kan word nie, plaas 'n vraagteken. As jy voel dat een van die persone na ál die ander kyk en jy voel dit is noodsaaklik om dit aan te dui, maak dan een pyltjie met 'n "almal" daarby.
7. Op die agterkant van die papier (langs nr 3) skryf jy of jy enigiets nuuts omtrent jou familie ontdek het.
8. Gee 'n nuwe naam aan elkeen van die lede, 'n naam wat aandui hoe die res van die familie die persoon sien, bv. "Stilletjie", "Lawaaimaker" ens. Die terapeut kan

die volgende name as hulpmiddele op die bord skryf: Beweger, Volgeling, Bystander, Opponent, Vredemaker, Beskuldiger, Rekenaar, Afleier.

9. Op die agterkant van die papier (langs nr 4) skryf jy of jy enigiets nuuts omtrent jou familie ontdek het.
10. Skryf 'n bepaalde emosie langs elke sirkel. 'n Lys met woorde wat positiewe en negatiewe emosies bevat kan beskikbaar gestel word waaruit 'n keuse gemaak kan word. As geen keuse gemaak kan word nie, skryf 'n vraagteken.
11. Op die agterkant van die papier (langs nr 5) skryf jy of jy enigiets nuuts omtrent jou familie ontdek het.
12. Antwoord nou die volgende antwoorde op die agterkant van die papier:

    By nr 6. Skryf 'n Ja of 'n Nee as antwoord op die volgende vraag: Het jy dit maklik gevind om die instruksies te volg?
    By nr 7. Het jy enigiets geleer in die proses? Ja/Nee
    By nr 8. Het jy enigsins emosioneel geraak tydens die proses? Ja/Nee.

Die interpretasie van die skets kan op verskillende wyses gedoen word. Een metode is om die persoon sy eie skets te laat interpreteer.
Hoewel Venter 'n "scoring system"[15] daargestel het waarvolgens die tekening geïnterpreteer kan word, is die ander metode wat hy aanbeveel, myns insiens meer bruikbaar. Hiervolgens word volgens geen vaste resep gewerk nie. Dit is 'n vorm van oop interpretasie en die waarde is juis dáárin geleë. Die proses van interpretasie self het dan heelwat terapeutiese waarde. Die terapeut verduidelik dan dat op grond van kliniese ervaring lyk dit asof die volgende sake waarde het en moet ons probeer om elkeen selfstandig te interpreteer:

1. Die "Gestalt" of geheel van die skets
2. Die grootte van die skets
3. Die plek waar die skets op die papier gemaak is
4. Die plasing van elke gesinslid en die afstande tussen hulle. Bv. is die ouers langs mekaar geteken en is een van hulle dalk nader aan 'n kind as aan die huweliksmaat?
5. Die orde waarin die sirkels getrek is.
6. Die lynkwaliteit van die sirkels en die hoeveelheid kere wat daar uitgevee of doodgetrek is
7. die "kykgedrag" (pyltjies) van elkeen
8. Die staan, sit of lê posisies. Sê dit iets?
9. Die naam en dus die rolinname van elkeen
10. Die emosies wat aan elkeen toegeken is. Was dit moeilik?
11. Kyk na die drie antwoorde wat laaste ingevul is.

Nou moet die gesin gehelp word om perspektief te verkry op hulle probleme wat ontdek is. Daar moet ook hoop gegee word dat die sake wat verkeerd is, reggestel kan word. Individuele hulp kan ook aangebied word.
Die voordele van die GFS metode is die volgende:

- Dit kan met 'n groot groep mense gedoen word.
- Persone se privaatheid word gerespekteer. Niemand word gedwing om inligting op sy papier bekend te maak nie.

- Daar word nie soveel emosies vrygestel soos by "sculpting" nie.

Volgens die ontwerper van die metode is dit al suksesvol gebruik in huweliksvoorbereidings-, huweliksverrykings- en gesinsverrykingsprogramme.

## Pastorale toespitsing

Dat die pastoraat veel te leer het by Gesinsterapie met sy sterk klem op die Algemene Sisteemteorie, spreek eintlik vanself. Dit is immers een van die grondstene van die pastoraat dat dit met die gemeente as verbondsgemeenskap omgaan. En dit veronderstel onmiddellik 'n sistemiese en ekosistemiese werkwyse. In die pastoraat gaan dit nie vir ons om losstaande enkelinge nie, maar om mense wat deel is van groter sisteme - mense met name, adresse en afkoms. Hierdie waarheid word op sy duidelikste deur Marthinus Versfeld verwoord as hy sê: "Die Christendom staan vas op die beginsel: A is A omdat God God is. Dit is wat dinge presies omlyn. Die hel is die afwesigheid van God, die plek waar dinge en mense vervaag. Dit is die plek sonder adresse, waar die tye ontwrig is, waar alles altyd op die punt staan om in iets anders vervreemd te word, en waar letterlik *niks* gebeur nie."[16]. Om op tyd-ruimtelike realiteite te konsentreer is eg Christelik!
Waar Gesinsterapie hoofsaaklik gerig is op gesinne waar daar 'n probleem aangemeld of ontstaan het, is die pastoraat aan die ander kant nie net 'n probleemgerigte aktiwiteit nie. Pastoraat dui op die versorging van die gemeente wat alle aksies insluit: probleemoplossende aksies, maar ook voorkomende aksies. In die pastoraat behoort ons veel meer ingestel te wees op die versterking van skynbaar stewige gesinne. Dit is ook juis die kerk wat mense sou kon opvang wat 'n vae gevoel van ongemak in gesinsverhoudinge begin ervaar, maar nog nie 'n spesifieke probleem kan identifiseer nie. Papp et al [17] skryf juis oor daardie gesinne wat nêrens het om heen te gaan as hulle voel alles is nie pluis nie, maar hulle verstaan dit ook nie en kan ook nie "cope" nie. Hoe aktiewer die kerk tot die terrein van huweliks- en gesinsverryking toetree, hoe meer van hierdie mense sal betyds gehelp kan word. En soos aangetoon, kan die metodes wat hier gebruik word op sigself reeds 'n helende effek op gesinne en huwelike hê.
Die waarde van hierdie metodes moet dus nie soseer daarin gesoek word dat dit diagnosties vir die pastor kan help om 'n gesin se probleem te beoordeel nie. Dit kan in die pastoraat grootliks gebruik word om gesins- en huweliksverryking te fasiliteer. Die meeste navorsers beskou dit as een van die grootste bates van hierdie metodes dat dit 'n nuwe realiteit skep wat onmiddellik betekenisvolle kommunikasie fasiliteer. Vergelyk in die verband veral Geddes en Medway [18]. Die waarde van hierdie metodes is dat die pastor bewus mag wees daarvan dat terwyl dit toegepas word, veranderinge en nuwe verhoudinge besig is om gestalte te kry.
In die pastoraat gaan dit om 'n vertikale toespitsing. Hoewel die gesonde funksionering van die gesin vir die pastoraat baie belangrik is, is die pastoraat in méér geïnteresseerd, naamlik die funksionering van die gesin as *verbondsgesin*. Hoewel ons nie moet probeer om God in die genogram in te teken nie (by die ekokaart kan die kerk wel as een van die instansies 'n plek kry), is die uiteindelike saak waarheen die pastor altyd moet mik: watter rol speel God in julle familie van geslag tot geslag?
Ten slotte: Soos gesuggereer deur die Sisteemteorie [19], is dit ook Bybels duidelik dat

lede van 'n gesin onderling verantwoordelik is vir mekaar se gedrag (vgl. in die verband die sg. Huistafel-gedeelte in Efes. 5:21-6:9). Volgens die Bybel skakel dit nooit persoonlike verantwoordelikheid uit nie, maar vir die pastorale hantering van 'n gesin is dit wesentlik belangrik dat ons sal verstaan en aanvaar dat die optrede van 'n individuele gesinslid, dikwels die produk en simptoom is van die gesin as sisteem. Daarom kan een lid nooit alleen skuldig wees terwyl al die ander toegelaat word om hom/haar te veroordeel nie. Daarom is die gebruik van hierdie grafiese metodes wat die klem so sterk plaas op die funksionering van die geheel, so nuttig in die pastorale gesprek.

**NOTAS**

1 R Cromwell, D Fournier and F Kvebaek. *The Kvebaek family sculpture technique: a diagnostic and research tool in family therapy*, Tennessee 1980:2.

2 E Bing, "The Conjoint Family Drawing", *Family Process*. (1970) 9(2) 173-194.

3 CA Venter, Graphic Family Sculpting, 183-192, in: J Mason and J Rubenstein (eds), Family Therapy in South Africa Today. *SA Institute of Marital and Family Therapy*, Durban 1989, 184.

4 S Genot. Genograms: The co-creation of meaning in family therapy, 158-164, in: J Mason and J Rubenstein (eds). Family Therapy in South Africa Today, *SA Institute of Marital and Family Therapy*, Durban 1989, 161.

5 Op die gebied van die Gesinsterapie was dit veral Maturana wat die subjektiewe aard van die werklikheid baie sterk beklemtoon het. Maturana, H.R. 1980. Autopoiesis: reproduction, heredity and evolution, in: Zeleny, M (ed), *Autopoiesis, autopoietic structures and spontaneous social structures*, Colorado 1980.

6 Genot, *a.w.*, 162.

7 S Fick en J Botha, *Die benutting van die ekokaart en genogram*. Ongepubliseerde inligtingstuk, Sinodale Kommissie vir die diens van Barmhartigheid, Noord-Transvaal, s.j.

8 A Hartman, *Finding Families. An ecological approach to family assessment in adoption*, London 1978, 57.

9 Genot, *a.w.*, 161.

10 Bing, *a.w.*, 33.

11 Bing, *a.w.*, 34.

12 Bing, *a.w.*, 34.

13 Venter, *a.w.*, 183-192.

14 P Papp, O Silverstein, E Carter. "Family Sculpting in Preventive Work with 'well families'", *Family Process* 12/2 (1973), 197-212.

15 Venter, *a.w.*, 189.

16 Marthinus Versfeld. *Oor huise*, in: M Scholtz (samesteller). *Vertellers. die groot Afrikaanse Verhaalboek*. Kaapstad 1990, 37.

17 Papp, *a.w.*, 198.

18 M Geddes & J Medway . "The Symbolic Drawing of the Family Life Space", *Family Process* 16 (1977), 219-228.

19 AM Holman, *Family Assessment. Tools for understanding and intervention.* London 1983, 57.